

20 Desember

Jeremia 8:4-9:1

Die wilde streep in my

Baie van ons ken die aanvegting van wegbreek baie goed. Ons ervaar baie maal die drang om onself net 'n bietjie losser te kan maak van al die bindinge rondom ons, insluitende die bindinge van godsdiens en kerk. Dit gebeur dan dat ek stuurs word terwyl ek ewe skielik met alles in die Vaderhuis begin fout vind totdat ek die moed bymekaar geskraap om te sê: Nou gaan ek weg van die ouerhuis af. Aan die een kant wil ek graag kind van God wees, maar aan die ander kant wil ek ook graag op my eie wees. Selfs trekvoëls weet wanneer om terug te keer. Hulle het vaste tye. Tog wil dit lyk asof die volk slegter daaraan toe is, want hulle weet nie om terug te keer na God toe nie. Hoe reageer die Here op die volk se wegbrekery? God is hartseer oor die sonde van die volk. Dit wat sy kind doen, raak Hom. Bemerk u die tragiek? Toe die volk besluit om weg te breek, doen hulle volgens hulle die "slim" ding, maar eintlik die dom ding om nie hulle godsdienstige aktiwiteite te staak nie. Wat hulle eintlik gedoen het was om hulself te immuniseer teen bekering en terugdraai. Hulle het hulle sonde agter die dekmantel van godsdiens weggesteek. So eindig die gedeelte met die trane van die profeet Jeremia - of soos iemand heeltemal tereg gesê het: Hy huil met die trane van God oor sy kinders wat weggeloop het van die Vaderhuis af. Dink weer oor die liefde wat God in ons Here Jesus Christus aan ons betoon het. Ervaar u nie ook God se trekkende Vaderliefde nie?

U sal sekerlik saamstem dat ons plek in God se huis is.

Sing: Psalm 2:6

Ds. F.P. Kruger (Meyerton)